



November 2003


ONS GEE OM



DEUR BARMHARTIGHEID

Seënwense uit die Pastorieë



 *U wat as Hemelkoning
in heerlijkheid regeer,
maak onder mense woning;
daal as 'n dienskneg neer –
en herders vind 'n Herder
oor wie hul dankbaar juig;
en wyses vind dié Wysheid
voor wie hul biddend buig (Lied 352 vers 2)*

Mag die Here opnuut u harte vervul met Sy Gees en in hierdie dae aan u 'n ware Christusfees skenk,

Mag u in 2004 dankbaar juig oor die Here wat u Herder is en mag u biddend buig voor Hom wat u Wysheid is.

Dankie vir u omgee-liefde gedurende 2003!

Δανκιε πι υ γε-λιεφδ γευρενδ Δανκιε πι υ γε-λιεφδ γευρε

BEDIENING VIR FINANSIES EN ADMINISTRASIE



*Die Prediker sê "elke ding in hierdie wêreld het sy tyd."
Iemand anders het gesê "in elke ontmoeting wag 'n afskeid"*

Op 15 September 1996 het Maureen Barnard die eerste keer agter ons Gemeente se lessenaar ingeskuif en ons boeke oopgemaak. En nou, sewe jaar later, moet ons vir haar totsiens sê as sy en haar gesin ons Gemeente gaan verlaat om hulle in Humansdorp te gaan vestig.

In hierdie sewe jaar het Maureen haar bewys as 'n staatmaker vir wie die Gemeente se finansies haar eerste prioriteit was. Sy het haar werk met toewyding en op 'n voortreflike wyse gedoen - tot so 'n mate dat ons nuwe ouditeur gedreig het om haar te "steel"! Oor die Gemeente se finansies was daar nie vrae wat sy nie kon beantwoord nie!

Ons Gemeente se boekhouding het onder Maureen se sorg ontwikkel van 'n hoofsaaklik handstelsel tot waar sy dit nou oorgee as 'n volwaardige gerekenariseerde stelsel wat nie net die verslagdoening aan die Kerkraad en Bedieninge meer doeltreffend maak nie, maar ook die ouditeur se werk vergemaklik en verminder - en vir ons koste spaar. Haar vertrek gaan 'n groot leemte laat.


Maureen, ons bid vir julle as gesin die Here se rykste seën toe in jul nuwe omgewing en in die onderneming wat julle gaan aanpak. Ons glo dat Hy reeds voor julle uitgegaan het om julle weg vir julle voorspoedig te maak. Ons bid dat julle elke dag bewus sal wees van sy liefde en trou. Mag die volgende vir julle waar wees:

May the road rise to meet you.

May the wind be always at your back.

May the sun shine warm upon your face.

May the rains fall softly upon your fields until we



Dankie Maureen

meet again.

May God hold you in the hollow of His hand. (Old Gaelic blessing)



GESINSBEDIENING



Vraag: Ek ervaar baie stres in my lewe en weet eenvoudig nie hoe ek dit moet hanteer nie. Het jy enige voorstelle? Wanneer die dak van jou huis inval, jou klein dogtertjie masels kry, jou tiener 'n vak op skool druij en jou man sy werk verloor, hoe hanteer 'n mens al hierdie stres?

Antwoord: Jou vraag herinner my aan 'n storie uit die bafbalwêreld. Bill Clem was 'n beroemde skeidsregter. Hy het die gewoonte gehad om 'n minuut te huiwer voor hy die teken vir 'n bal gee. Dit was maar net een van sy kenmerkende eienskappe. Eendag was daar 'n uitstekende jong bouler wat net die bal uit sy hande wou laat vlieg, maar Bill het sy tyd geneem om die teken te gee.

Op die ou end het die jou speler geïrriteerd geraak. Hy het een uiters belangrike bal gegooi en kon toe nie help om uit te roep nie: "Komaan, Bill, wat is dit nou?"

Bill Clemm het sy masker van sy gesig afgehaal, na die jong man gekyk en gesê: "Dit is niks tot ek dit iets noem nie".

Dit is soort van soos die lewe is. Ons kan nie keer dat die balle op ons afpeil nie, maar ons het wel die voorreg om te besluit wat om hulle te noem. Jy kan besluit of 'n stresvolle tyd die aaklikste, vreeslikste, onregverdigste ding is wat nog ooit met jou gebeur het, en of dit net nog 'n algemene probleem is wat jy op die een of ander manier sal oorleef.

Onthou ook dat jou kinders die manier waarop jy reageer, baie goed dophou. As ons vir hulle wys dat ons die lewe met sy probleme kan hanteer, sal hulle ook eendag hulle eie stres maklike kan hanteer. - **Dr. James Dobson**

DIENS VAN BARMHARTIGHEID



Die besoeke en versorging van siekes lê baie na aan die hart van die Here. Die Here Jesus het baie tyd deurgebring met siekes gedurende Sy bediening op aarde. Dieselfde Here wil ook deur ons 'n verskil maak in die lewens van siekes in ons gemeente. Almal wat 'n passie het vir siekes en kans sien om so een of twee siekes per week te besoek, kan gerus Pierre Malan (331 3119) skakel vir verdere inligting.



**Laat ons juig en bly wees
die Verlosser is gebore**

Mag liefde vreugde en seën
deel wees van hierdie
Kersfeestyd



Gebed met Kersfees


Dankie Here, dat U ons so liefgehad het

Dat U op so 'n praktiese wyse, duidelike en spesifieke wyse gekom het.

Dankie dat U die taal gevind het wat almal kan verstaan;

En dankie, vir die ontroerende nederigheid wat die grondslag van u majesteit is.

Dit is waarom elke knie voor die Naam van Jesus sal buig.





Persoonlike getuienis –Hy het ook vir jou gesterf



Die afgelope paar jaar het ek 'n baie moeilike tyd beleef - soveel so dat ek geglo het dat God my verlaat het. Niks het meer gewerk nie of wou nie meer werk nie.

Gebede het so nutteloos soos 'n leë balpunte geword. Die uiteindelijke gevolg was dat ek my Bybel soos 'n leë balpunte in die asblik gegooi het. Ons huishulp het dit ontdek, uitgehaal en daar naby geplaas, waarskynlik om weer op sy plek geplaas te word. Maar vir my het dit nutteloos gebly en het ek dit weer in die asblik gegooi en toegemaak sodat dit nie weer "ontdek" sal word nie.

Na 'n paar weke kry ek een nag 'n besondere droom. Ek droom ek bevind my by 'n hoogte wat naby aan 'n rantjie beskryf kan word. Daar was geen plantjie of grassie nie, net hierdie byna vierkantige ysterklippe waarop 'n vreemde helder lig geskyn het wat ek nie kon sien nie. Die lig was amper soos wanneer 'n mens op 'n wolklose helder maanligaand 'n ent gaan stap.

Vanuit my hurkende-kruipende posisie kyk ek na links en sien hierdie byna snaakse vierkantige paal tussen die klippe staan. Dit was asof ek effens moes terugbeweeg om die volle lengte van die paal te kon sien. Sonder dat ek geskrik het, sien ek dat daar 'n man aan die paal vas is. Sy arms was na weerskante teen 'n boonste dwarsbalk vas. Ek kon nie bloed sien nie, maar Hy het die woord "Sabagtani" 3 maal moeitewol maar tog duidelik hoorbaar gesê, terwyl Hy Sy kop geboë stadig oor Sy bors van links na regs beweeg het. Al klere wat Hy aangehad het was 'n lap soos 'n wit somerslaken wat om Sy middel gedraai was.

Sy bene was geplaas soos wanneer 'n mens op jou rug lê met jou bene oorkruis. Sy hare was skouerlengte en die toestand daarvan tesame met die moeë fluistering van sy stem het my op daardie oomblik laat dink dat Hy al 'n hele rukkie in die posisie moet wees.

Wat die betekenis van die droom was, het ek nie geweet nie. By die werk het ek die droom vir 'n paar mense vertel, maar die betekenis het my bly ontwyk. Op Donderdagaand, 7 November 2003 was ek besig met voorbereidingswerk vir die volgende dag, toe ds. Leon van Heerden sommer net gou kom inloer het aangesien hy in die omgewing was.

Kortom, ds. Leon het vir my die uitleg van die droom kom gee, naamlik "dat God vir jou in 'n droom kom sê het hoe oneindig lief Hy jou het". Vir my het alles omtrent die christelike geloof skielik weer opgehelder en sin gemaak, omdat ek gesien het dat Jesus Christus werklik leef en werklik omgee vir elkeen wat in Hom glo.

Mens is geneig om jou net vas te staar teen al jou probleme en sien dan nie al die "wonderwerke" in die lewe, soos jou gesin en familie en die wonder van die skepping raak nie. *Aan God al die eer! P van der Merwe*

Die Heiland is gebore in stille Betlehem – en wyse manne van die peinsende Ooste, nederige Herders en almal wat die nuus ontvang het, het gekniel voor die Kind wat die antwoord op hul vrae sou wees -



En nou,
Nou kom al God se kinders met toewyding,
in hul gedagtes hier bymekaar om te kyk na die Kindjie.
En ek is vandag een met hulle.